KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 21 APRIL 2016 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

## TEENWOORDIG

### RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| Rdh J Raats | [DA] | Speaker |
| Rdl E Manuel | [DA] | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl Me S Crafford | [DA] | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh R Van Rooy | [COPE] | |
| Rdh A De Vries | [DA] | |
| Rdl C Snyders | [DA] | |
| Rdl D Smith | [DA] | |
| Rdl J Botha | [DA] | |
| Rdl Me C Snyders | [ANC] | |
| Rdl A Maarman | [ANC] | |
| Rdl Me S Smit | [ANC] | |
| Rdl S Claassen | [ANC] | |

### AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Adv. H Linde | Munisipale Bestuurder |
| Mnr J Van Niekerk | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr J Kotzee | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Kröhn | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me J Erasmus | Interne Ouditeur |
| Mnr W Rheeder | Bestuurder: Administratiewe Dienste |
| Me C Cloete | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**RVN001/04/2016**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer Van Rooy die vergadering open met gebed.

***

**RVN002/04/2016**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid W Dirks – afwesig met verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste – afwesig met verskoning

***

**RVN003/04/2016**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

***

**RVN004/04/2016**
**BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 FEBRUARIE 2016**
**3/3/2/2**

**Besluit:**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 29 Maart 2016 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE***
***C CLOETE***

***

**RVN005/04/2016**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende verklarings / mededelings naamlik:

**LEED**

Dat 'n kollega, Mnr J Booysen, wat werksaam was by Velddrif kantoor van Bergrivier Munisipaliteit oorlede is, en dat die begrafnisdiens plaasvind op Saterdag 23 April 2016 in Velddrif.

**GELUKWENSING**

Die Voorsitter wens die Bestuur geluk en bedank hul vir die wyse waarop die "Bring the Budget to the People"- byeenkoms hanteer is op Maandag 18 April 2016.

***

**RVN006/04/2016**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN007/04/2016**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN008/04/2016**
**<u>DRINGENDE SAKE/VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lê die onderstaande aan die komitee voor:

- ‘n Versoek dat die hersiene Brandveiligheidsverordening as ‘n dringende item op die agenda ingedra word. Dit word so deur die Raad goedgekeur.
- Dat Bergrivier Munisipaliteit genomineer is by die ECO- Logic Awards en die toekenningsgeleentheid op Donderdag 21 April 2016 plaasvind vir bywoning deur die Uitvoerende Onderburgemeester en haarself; en
- Dat die weerdiens rëen en sterk stormwinde voorspel vir die komende naweek en doen ‘n beroep op Tegniese Dienste vir die voorbereiding daarvan vir moontlike oorstromings en vir kennisname aan die Raad.

***

**RVN009/04/2016**
**<u>OPNEEM VAN EKSTERNE LENINGS</u>**
**5/14/1/3**

Die Direkteur Finansiële Dienste lig die item toe.

**<u>Besluit:</u>**

Dat die Raad die volgende eksterne lenings ten bedrae van R6 130 000.00 by ABSA Bank **opneem** vir die gedeeltelike finansiering van sy kapitaaluitgawes vir die 2015/2016 finansiële jaar en wel soos volg:

1. **R5 700 000.00 oor 10 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaiemente geskied op 30 Junie van elke jaar, en
2. Dat die Raad voertuigfinansiering by ABSA Bank aangaan ten bedrae van **R430 000.00 oor 5 jaar** soos per tender. Betaling van jaarlikse paaie-mente geskied op 30 Junie van elke jaar.

***Die ANC koukus teenwoordig versoek om buite stemming te bly.***

***

**RVN010/04/2016**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: FEBRUARY 2016</u>**
**9/1/2**

**<u>Resolved:</u>**

That Council notes the Monthly Budget Statement: September 2015 as tabled in the meeting.

***

**RVN011/04/2016**
**<u>BEPALING VAN DIE KATEGORIE VAN EIENDOMME VIR WAARDASIE DOELEINDES</u>**
**5/15/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Besluit:</u>**

1. Dat die lys van kategorieë wat tans gebruik word, **behou word** en dat slegs “public service infrastructure properties (PSI) and public service purposes (PSP)” **bygevoeg** word;
2. Dat Oorheersende gebruik (Artikel 9(1)(b) van Municipal Property Rates Act, 6 of 2004) van die eiendom **gebruik** word by die bepaling van die kategorie vir belastingdoeleindes; en
3. Dat die kategorie Holiday Resort tot die waardasielys ***bygevoeg*** word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN012/04/2016**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN ERF 65, EENDEKUIL</u>**
**7/2/3/2, E 65**
***(‘n Gewysigde aanbeveling word in die vergadering ter tafel gelê)***

Raadsheer Van Rooy gee agtergond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Besluit:</u>**

1. Dat die Raad se voorneme om ‘n Gedeelte van Erf 65, Eendekuil aan Eskom te verhuur, geadverteer word en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir ‘n onbepaalde tydperk met wedersydse kennisgewing van twee maande vir beeïndiging van kontrak; en
2. Dat paragraaf 2 van die bestaande huurooreenkoms dienooreenkomstig aangepas word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN013/04/2016**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERWE 539, 4011 EN 4092, PIKETBERG</u>**
**7/2/3/1, PB 539, 4011 & 4092**

**<u>Besluit:</u>**

1. Dat Erwe 4011 en 4092, Piketberg by wyse van tender **vervreem word** en **adverteer** word vir 30 dae;
2. Dat die Munisipale waardasies as insetprys **gebruik** word; en
3. Dat Erf 539, Piketberg **nie per tender vervreem word nie,** omrede daar ‘n grondeis teen die eiendom geregistreer is.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN014/04/2016**
**<u>HERSIENING VAN DIE BRANDVEILIGHEIDSVERORDENING</u>**
**12/2/2/21**

Die Hoof: Rampbestuur lig die item toe.

**<u>Besluit:</u>**

Dat die Brandveiligheidsverordening in konsep **goedgekeur** word en **geadverteer** word vir publieke deelname wanneer die Raad dit vir goedkeuring sal oorweeg.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN015/04/2016**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 17 NOVEMBER 2015</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 17 November 2015.

***

**RVN016/04/2016**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 24 NOVEMBER 2015</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 24 November 2015.

***

**RVN017/04/2016**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 08 DESEMBER 2015</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 08 Desember 2015.

***

**RVN018/04/2016**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: MAANDAG 25 JANUARIE 2016</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Maandag 25 Januarie 2016.

***

**RVN019/04/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 09 FEBRUARIE 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 09 Februarie 2016.

***

**RVN020/04/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 23 FEBRUARIE 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 23 Februarie 2016.

***

**RVN021/04/2016**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 17 MAART 2016**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 17 Maart 2016.

***

**RVN022/04/2016**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME VIR OORWEGING/KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Die Raad neem kennis van die notules van die wykskomitees vir Januarie / Februarie 2016, soos voorgelê.

***

**RVN023/04/2016**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**RVN024/04/2016**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:30*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

| ___________________________ | ___________________ |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***